**PASIëNTINLIGTINGSBLAD**

**SKEDULERINGSTATUS:**

**S3**

**B-BLOCK 50** (TABLETTE)

**B-BLOCK 100** (TABLETTE)

**Atenolol**

Suikervry

Elke B-BLOCK 50 bevat 0,302 mg propileenglikol

Elke B-BLOCK 100 bevat 0 604 mg propileenglikol

**Lees hierdie hele blad noukeurig deur voordat u begin om B-BLOCK te drink.**

- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- As u nog vrae het, moet u asseblief vir u dokter, apteker, verpleegkundige of ander gesondheidsorgverskaffer vra.
- B-BLOCK is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne vir ander mense gee nie. Dit kan hulle skaad, selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

**Wat in hierdie blad is**


1. Wat B-BLOCK is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u B-BLOCK drink
3. Hoe om B-BLOCK te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om B-BLOCK te bêre
6. Inhoud van die pak en ander inligting


## 1. WAT B-BLOCK IS EN WAARVOOR DIT GEBRUIK WORD

B-BLOCK behoort aan ’n groep middels bekend as betablokkers. Dit beteken dat dit uitwerking op die hart en bloedsomloop het.

B-BLOCK word gebruik vir die behandeling en beheer van hoë bloeddruk (hipertensie) en om erge borspyne wat uit die hart ontstaan, genaamd angina pectoris, te behandel.

## 2. WAT U MOET WEET VOORDAT U B-BLOCK DRINK

**Moenie B-BLOCK drink nie:**

- as u hipersensitief (allergies) vir atenolol of vir enige van die ander bestanddele van B-BLOCK (gelys in afdeling 6) is.
- as u swanger is of borsvoed.
- as u enige probleme met u hart het, soos tweedegraadse of derdegraadse hartblok en kardiogene skok (’n toestand waar die hart nie genoeg bloed aan die organe van die liggaam kan verskaf nie).
- as u tans verapamiel drink (wat gebruik word vir hoë bloeddruk en borspyn) of binne ’n paar dae nadat u verapamiel gedrink het.
- as u vir ’n lang tydperk nie geëet het nie (langdurige vas).
- as u ly aan ’n toestand genaamd metaboliese asidose (bv. algemene toestand in diabetiese pasiënte).
- as u aan hartversaking ly wat nie beheer word nie met digitalis (’n tipe medisyne wat gebruik word om hartversaking te behandel) en/of diuretika (’n middel wat gebruik word om hipertensie en harttoestande te behandel deur die uitskeiding van urien te verhoog).
- as u onbeheerde hartversaking het, behalwe as gevolg van hipertrofiese obstruktiewe kardiomiopatie (verdikking van hartspier wat bloedvloei uit die hart blokkeer).

Moenie B-BLOCK drink indien enige van die bogenoemde op u van toepassing is nie. As u nie seker is nie, moet u met u dokter praat voordat u B-BLOCK drink.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

Wees besonder versigtig met B-BLOCK:

- as u bradikardie het (abnormale stadige hartklop met minder as 50 slae per minuut).
- as u bejaard is of nierprobleme het, moet u dosis van B-BLOCK verlaag word. As u bejaard is, moet u dokter u behandeling teen ’n laer dosis begin.
- as u ’n middel genaamd klonidien gebruik en dan na B-BLOCK oorgeskakel word. As u klonidien stop, kan u uitermatige hoë bloeddruk ervaar. U dokter sal hierdie oorplasing moniteer.
- as u aan asma, brongitis of enige ander asemhalingsprobleem ly.
- as u aan ernstige perifere vaskulêre siekte (sirkulasieversteuring) ly, en ’n toestand genaamd perifere gangreen kan vererger.
- as u sirkulasieprobleme het, kan Raynaud se verskynsel ontwikkel (wat lei tot tydelike verkleuring van die vel en gevoelloosheid van die vingers of tone).
- as u medisyne gebruik vir diabetes, fenotiasiene (om geestesversteurings te behandel) en antidisritmiese middels (medisyne wat gebruik word om abnormale hartklop te behandel), moet u dit vir u dokter sê.
- as u enige ander harttoestand soos tweede- of derdegraadse hartblok of hartversaking het.
- as u ’n vinnige hartklop het.
- as u lae bloedsuikervlakke het (hipoglisemie).
- as u swanger is en moet kraam of pas gekraam het.
- as u feochromositoom het wat behandel word, sal u dokter ook ’n middel voorskryf wat ’n alfa-blokker genoem word, wat saam met B-BLOCK gedrink moet word.
- as u ’n ooraktiewe skildklier het.
- as u aan myasthenia gravis ly (’n spierafwyking wat spierswakheid veroorsaak).
- as u psoriase het, kan hierdie toestand vererger.
- as u die behandeling skielik staak, kan dit angina pectoris (‘n tipe borspyn) vererger as u aan iskemiese hartsiekte ly.

As enige van bogenoemde op u van toepassing is of as u nie seker is nie, moet u met u dokter of verpleegkundige praat voordat u hierdie medisyne drink.

Sê vir u dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn terwyl u B-BLOCK drink:

- as u ’n geskiedenis van ernstige allergiese reaksies op enige allergene het (byvoorbeeld insekbyte), kan B-BLOCK ’n ernstiger reaksie veroorsaak, en u kan moontlik nie op gewone dosisse medisyne (adrenalien) reageer wat gebruik word om u allergiese reaksie te behandel nie.
- as u enige operasie of mediese prosedure ondergaan waar ’n narkosesmiddel gebruik word.
- as u sukkel om seksueel te verkeer.

**Kinders en adolessente**

Daar is geen ervaring met kinders nie.

**Ander medisyne en B-BLOCK**

Sê altyd vir u gesondheidspraktisyn as u enige ander medisyne gebruik (waaronder aanvullende of tradisionele medisyne). Sê vir u dokter of apteker indien u enige van die volgende middels gebruik:

- Narkosemiddels (medisyne wat u tydens ’n operasie sedeer)
- Hipoglisemiese medisyne, fenotiasiene (medisyne wat gebruik word om geestesversteurings te behandel), anti-aritmiese medisyne (medisyne wat gebruik word om ’n onreëlmatige of vinnige hartklop te behandel)
- Digoksien (hartmedikasie)
- Kalsiumkanaalblokkeerders, bv. verapamiel en diltiasem (vir hoë bloeddruk en borspyn), digoksien (hartmedikasie)
- Nie-steroïed anti-inflammatoriese medisyne (NSAIM’s), bv. ibuprofeen, indometasien (gebruik om pyn en inflammasie te verminder en koors te verlaag)

- Simpatomimetika soos adrenalien (ook bekend as epinefrien)

As u ander medisyne op ’n gereelde basis gebruik, kan die gebruik daarvan saam met hierdie medisyne ongewensde interaksies veroorsaak. Raadpleeg u dokter, apteker of ander gesondheidspraktisyn asseblief om advies.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

Swangerskap

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om ’n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u B-BLOCK drink.

Borsvoeding

Sê vir u dokter as u borsvoed voordat u B-BLOCK drink, want B-BLOCK word nie aanbeveel vir gebruik terwyl u borsvoed nie.

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**

B-BLOCK kan soms duiseligheid of moegheid veroorsaak, en dit moet in gedagte gehou word as u bestuur of masjinerie wil hanteer.

**B-BLOCK bevat propileenglikol**

As u swanger is of borsvoed moet u nie hierdie medisyne drink nie, tensy u dokter dit aanbeveel. U dokter kan ekstra ondersoeke doen terwyl u hierdie medisyne drink.

As u aan ’n lewer- of niersiekte ly, moet u nie hierdie medisyne drink nie, tensy u dokter dit aanbeveel. U dokter kan ekstra ondersoeke doen terwyl u hierdie medisyne drink.

Propileenglikol in hierdie medisyne kan dieselfde effekte hê as om alkohol te drink en kan die waarskynlikheid vir newe-effekte verhoog.

Gebruik hierdie medisyne slegs as dit deur 'n dokter aanbeveel word. U dokter kan ekstra ondersoeke doen terwyl u hierdie medisyne drink.

**3. HOE OM B-BLOCK TE DRINK**

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Gebruik B-BLOCK altyd presies soos wat u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Die gewone dosis:

Die dosis wat aan u voorgeskryf word, is geïndividualiseer en kan verskil van die inligting wat in hierdie pamflet is.

Vir erge pyn op die bors (angina pectoris):

Volwassenes: Neem een B-BLOCK 100-tablet een keer per dag of neem een B-BLOCK 50 twee keer per dag.

Vir hoë bloeddruk (hipertensie):

Volwassenes: Neem 50 – 100 mg B-BLOCK een keer per dag.

As B-BLOCK deur bejaardes gebruik word of as u probleme met u niere het, kan u dokter die hoeveelheid B-BLOCK wat gedrink moet word, verminder in vergeleke met die volwasse dosis.

**As u meer B-BLOCK gedrink het as wat u moes**

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kry hulp

van die naaste hospitaal of gifbeheersentrum.

**As u vergeet om B-BLOCK te drink**

Moenie ’n dubbele dosis drink/gee om vir vergete individuele dosisse op te maak nie.

## 4. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

B-BLOCK kan newe-effekte veroorsaak.

Nie al die newe-effekte wat vir B-BLOCK aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u B-BLOCK drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om B-BLOCK te drink en dadelik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- Swelling van die gesig, lippe, mond, tong of keel wat probleme met sluk of asemhaling kan veroorsaak (angioedeem)
- Veluitslag of jeuk (pruritus)
- Jeukerige veluitslag (urtikarie)

Dit is baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u ’n ernstige allergiese of ander tipe reaksie op B-BLOCK gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:

- Pyn in die borskas
- Angina

- Verandering in die manier waarop u hart klop

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:

Newe-effekte wat dikwels voorkom:

- Slaapstoornisse (slaaploosheid)
- Ongewone moegheid of swakheid (uitgeputheid)
- Lomerigheid

Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:

- Depressie
- Lae bloeddruk Hartversaking of hartblok kan aangebring word in pasiënte met onderliggende hartversteurings
- Koue vingers en tone
- Toe bors
- Naarheid en braking
- Loop maag (diarree), hardlywigheid en buikkrampe

Skaars newe-effekte:

- Verwardheid
- Nagmerries
- Helder drome
- Hallusinasies
- Gevoelloosheid
- Spierkrampe
- Duiseligheid en lusteloosheid
- Droë oë
- Dowwe visie en seer oë

- Veluitslag
- Haarverlies
- Jeukerige vel
- Spiermoegheid en -swakheid, waaronder spierkrampe
- Verlies van manlike seksuele vermoë

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

**Aanmeld van newe-effekte**

Praat met u dokter of apteker of verpleegkundige as u newe-effekte kry. U kan newe-effekte ook by SAROG (SAHPRA) aanmeld *via* die "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van B-BLOCK te gee.

## 5. HOE OM B-BLOCK TE BêRE

Hou alle medisyne buite bereik van kinders.

- Bêre by of onder 25 ºC.
- Beskerm teen lig en vog.
- Moenie in die badkamer bêre om teen lig te beskerm nie.
- Moenie medisyne na die vervaldatum op die etiket gebruik nie.
- Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
- Ongebruikte medisyne moet nie in dreinering- of rioolstelsels (bv. toilette) gegooi word nie.

## 6. INHOUD VAN DIE PAK EN ANDER INLIGTING

**WAT B-BLOCK BEVAT**

Elke **B-BLOCK 50**-tablet bevat 50 mg atenolol.

Die ander bestanddele is:

Tabletkern: magnesiumstearaat, mieliestysel, mikrokristallyne sellulose, gesuiwerde water, natriumlourielsulfaat, natriumstyselglikolaat

Bedekking: dichloormetaan, etielsellulose (20 cps), hidroksipropielmetielsellulose (5 cps), isopropielalkohol, poliëtileenglikol 400, propileenglikol, gesuiwerde talk, titaandioksied.

Elke B-BLOCK 100-tablet bevat 100 mg atenolol.

Die ander bestanddele is:

Tabletkern: magnesiumstearaat, mieliestysel, mikrokristallyne sellulose, gesuiwerde water, natriumlourielsulfaat, natriumstyselglikolaat

Bedekking: dichloormetaan, etielsellulose (20 cps), hidroksipropielmetielsellulose (5cps), isopropielalkohol, poliëtileenglikol 400, propileenglikol, gesuiwerde talk, Sunset Yellow lakkleursel (CI No. 15985), titaandioksied.

**Hoe B-BLOCK lyk en die inhoud van die pakkie**

B-BLOCK 50-tablette: Wit, sirkelvormige, bikonvekse filmbedekte tablette, glad aan albei kante.

- Kartonne wat 10 stulpstroke van aluminiumfoelie met 10 tablette elk bevat, m.a.w. 100 tablette per karton.
- Kartonne wat 10 stulpstroke van 10 tablette elk bevat, m.a.w. 100 tablette per karton.
- Kartonne wat 3 stulpstroke van 10 tablette elk bevat, m.a.w. 30 tablette per karton.

B-BLOCK 100-tablette: Pienk, ronde, bikonvekse filmbedekte tablette met ‘n breeklyn op een kant.

- Kartonne wat 10 stulpstroke van 10 tablette elk bevat, m.a.w. 100 tablette per karton.
- Kartonne wat 3 stulpstroke van 10 tablette elk bevat, m.a.w. 30 tablette per karton.

**Houer van registrasiesertifikaat**

Ranbaxy Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Lautreweg 14

Stromill, Uitbr. 1

Roodepoort

1724

**Hierdie blad is laas hersien op**

23 Desember 2022

**Registrasienommer**

**B-BLOCK 50:** 31/5.2/0332 (S.A.)

**B-BLOCK 100:** 32/5.2/0670 (S.A.)

**B-BLOCK 50:** S2 BOT 0801395 (Botswana)

**B-BLOCK 100:** S2 BOT 0801396 (Botswana)

**B-BLOCK 50:** 07/5.2/0073 (Namibië)

**B-BLOCK 100:** 07/5.2/0074 (Namibië)